**Saterdag 24 Junie**
**Skrifgedeelte: Romeine 14:13-23**
**Fokusgedeelte: Romeine 14:13-23**
**Aanvaar en verdra mekaar binne die gesin**

Ons leef in ’n tyd waarin bykans elke tweede persoon aanstoot neem oor die een of ander saak. Aan die een kant maak dit mens oorsensitief vir elke nuk en gril, aan die ander kant kan dit jou weer onsensitief maak.

Ons teks roep ons op om te oordeel, nie oor ander nie, maar oor ons eie gesindheid om nie moedswillig aanstoot te gee nie. Paulus gebruik weer kos as ’n voorbeeld en hy stel dit so mooi: “Die Koninkryk van God is nie ’n saak van eet en drink nie.” Dit is dus ook nie ’n saak van kleinlike en menslike nukke en grille of voor- en afkeure nie.

In die gesin beteken dit weereens dat ons versigtig moet wees om ons kinders so godsdienstig groot te maak dat geloof ontbreek. Ons moet hulle nie leer om voorkeure en gebruike tot sake van die Koninkryk te verhoog nie, want dan laat ons hulle struikel, en sal hulle later ander laat struikel.

Tog is dit nie sonder grense nie, want die Koninkryk van God het alles te doen met gehoorsaamheid. Die toets daarvoor is of dit vrede en vreugde inhou wat van die Heilige Gees kom. Hiervoor moet ons hard werk, want volgens vers 18 geniet mense wat Christus so dien, die guns van God en die agting van mense. Tog sal daar dié wees wat al hoe minder agting vir mense het wat aan God gehoorsaam wil wees. Sulke mense sal aanstoot neem wanneer God duidelik in gehoorsame navolging vir hulle uitgewys word.

Toets dus alles aan dié standaard dat dit uit geloofsoortuiging kom wat God se tipe vrede en vreugde soek. So bring die hele gesin mekaar voor die troon van God waar ons veilig is.

*Sing: Psalm 133-1 of 2:1, 2*

*Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)*